

## **Tema: Glo ons werklik dat Jesus sy dorsvloer skoonmaak?**

**Voorlesing: Matteus 3**

**Teks: Matteus 3: 12**

*“Hy het sy skop in sy hand en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak. Sy koring sal Hy na die skuur toe bring, maar die kaf sal Hy met onblusbare vuur verbrand.”*

Johannes die dooper het Jesus, die Seun van God, se werk in drie dele beskryf:

- Hy is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem
- Hy doop met die Heilige Gees en met vuur
- Hy maak sy dorsvloer deur en deur skoon

Ons teks beskryf hierdie laaste deel van Jesus se werk.

### **1. Kyk hoe getrou en deeglik is Hy**

*“Hy het sy skop in sy hand en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak”.* Dis hoe Johannes die werk van Jesus onder die Jode beskryf het, nog voordat Jesus in die openbaar begin optree het. Later toe Jesus begin het om die Woord van God te verkondig en mense op te roep tot bekering kon dit duidelik gesien word in die wat in Hom geglo het en die wat teen Hom gedraai het.

Hierdie werk van Jesus ons Koning gaan vandag nog voort in sy kerk, want die kerk is sy eiendom, sy “dorsvloer”. Wanneer in sy Naam en met die krag van die Heilige Gees God se Woord gebring en uitgeleef word, beleef ons Jesus op sy dorsvloer met sy skop in sy hand. Hy sal aanhou, totdat sy “dorsvloer” skoon is.

So word ons gewig en egtheid getoets, soos wat die wind en die skop die gewig en egtheid van koring op dorsvloer toets, want Hy laat niemand toe om in valse gerustheid te leef nie.

## **2. Kyk hoe waaksaam is Hy oor sy eiendom**

“*Sy koring sal Hy na die skuur toe bring.*” So is dit altyd met die Here. Hy versamel dié wat aan Hom behoort by Homself en bewaar hulle. Sy bedoeling is duidelik dat sy kerk hierdie skuur moet wees, want dit is vir die gemeente wat die versekering gegee word dat “*die magte van die doderyk dit nie (sal) oorweldig nie*” (Mat 16:14) Hulle is “*afgesonder (geheilig) en geroep om aan Hom te behoort*” (1 Kor. 1:2). Die gemeente word ook beskryf as “*die draer en beskermer van die waarheid*” (1 Tim 3:15).

U kan vra: Maar hoe kan die gemeente ter selfder tyd die dorsvloer en die skuur wees? Dis omdat Johannes hier beeldspraak gebruik het en dieselfde ding met meer as een beeld beskryf kan word. Vir die gelowige is hierdie beskerming    versekering en troos.

## **3. Kyk hoe onverbiddelik is Hy in sy oordeel**

“*maar die kaf sal Hy met onblusbare vuur verbrand.*” Waar kom hierdie kaf vandaan? Johannes die doper het hulle “slange” genoem, omdat hulle gedink het hulle kan met    skynbeking wegkom by God. Met die gelykenis van die onkruid tussen die koring (Mat 13:36-43) het Jesus verklaar dat dit eers by die laaste oordeel duidelik sal wees wie koring en wie onkruid is.

Dit beteken egter nie dat daar intussen geen onderskeid getref mag word nie. Die Skrif sê tog duidelik: “*Die tyd vir die oordeel het aangebreek; dit begin by die huis van God.*”(1 Pet 4:17a) Onsedelikheid en sonde in die gemeente moet nie net met vermaninge nie, maar ook met die liefdestug van die Here bestraf word, sodat mense aangemoedig word om hulle tot God te bekeer, voor dit te laat is (vgl. 1 Kor. 5:4,5 en 12,13).

### **Toerusting: Medewerkers op die dorsvloer van die Here**

- Die “sleutels van die hemelryk” (Mat 16:19) getuig van Godgegewe volmag om ons opdrag uit te voer.
- Die verklaring daarvan in Sondag 31 van die Kategismus